19 April 2020

# PRAKTIESE WYSHEID

VIR KLEINGROEPE

# 1 Petrus 1: 3-9

## ons storie

ysbreker

Beantwoord een van die vrae oor jou week: Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar en wat was vir jou moeilik? Waar het jy God aan die werk gesien?

Wat was die moeilikste ding wat jy al moes hanteer? Hoe het jy daardeur gekom?

## word stil

Lees Psalm 16

Dink na oor wat jy alles van die Here ontvang. Is jy dankbaar of neem jy dit as vanselfsprekend?

## GOD se storie

wat sê die Bybel

Lees saam

**1 Petrus 1: 3-9**

As daar tyd is,
kan elkeen dit daarna
weer op sy/haar eie tyd lees.

## GOD se storie

gesels hieroor na

- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.
- Daar wag vir ons 'n onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis in die hemel. Maar hoe help hierdie wete ons nou?
- Vers 5 sê ons word veilig bewaar. Maar wat dan van al die moeilike goed wat met ons gebeur?

nous praktiese wysheid...

- Dink julle God stuur beproewings om ons geloof te toets of moet ons dit dalk op 'n ander manier verstaan?
- As iemand wat beproewing beleef vir jou sê: Hoe kan 'n liefdevolle God dit toelaat? Wat sal jy antwoord?
- Waarom is hoop vir ons so belangrik? Wat sal julle beskou as ware hoop en valse hoop?
- Wat maak dat ons vir God kan loof in tye van beproewings? Ken jy iemand wat dit regkry? Sal jy dit kan doen?

## ons nuwe storie

**Hoe ons nuut dink, doen en leef in die wêreld rondom ons.**
**Verder en Voor:**

Is daar iemand wat deur 'n moeilike tyd gaan vir wie jy hierdie week kan gaan hoop gee en bemoedig? Help mekaar met woorde om dit te gaan doen.

## na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is:

- Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
- Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

## bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid? Dit sal goed wees as julle 'n gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het. Hoe en waar het jy die afgelope week vir God beleef?



**Dank God daarvoor.**